Dialoog

'n Dialoog is 'n gesprek tussen twee persone. Die direkte woorde van die sprekers word presies weergegee. Die vorm van 'n dialoog is net soos dié van 'n toneelstuk wat jy lees.

'n Dialoog kan net interessant en boeiend wees as dit 'n soort minidrama is: dit moet tot 'n hoogtepunt oploop. Elke spreekbeurt moet dus funksioneel en ook karakteriserend wees; anders is dit net 'n gepratery.

Onthou!!!

- Elke spreker se naam moet regs van die kantlyn neergeskryf. Jy moet elke keer die hele naam uitskryf.
- Na die naam volg 'n dubbelpunt (:).
- Daar word nie aanhalingstekens in 'n dialoog gebruik nie.
- Los 'n reël oop na elke spreker se woorde.
- Ekstra inligting (toneelaanwysings) kan tussen hakies gegee word. As die dialoog getik word, moet die toneelanwysings ook in skuinsdruk wees. Die ekstra inligting kan direk na die naam van die spreker, in die middel van 'n sin of aan die einde van die spreker se woorde gegee word.
- Gebruik lees- en skryftekens om jou dialoog interessant en oortuigend te maak.
- Oppas vir onnatuurlike dialoog wat "te veel beskryf" soos die volgende voorbeeld:

MARIUS: Toe hulle my die nuus bring dat Kathy dood is, was ek vreeslik geskok, maar ek besef nou dat ek my kinders se enigste ouer is.

Wat is hiermee verkeerd? Die taal is té goed vir iemand wat nou net sy vrou verloor het. Die gehoor wil sién dat die karakter geskok is. Die moet liewer so geskryf (en opgevoer) word:

MARIUS: (*snikkend*) Toe hulle ... my vertel ... het ek ... Die kinders, jy sien ... Ek is nou al wat hulle het.